NOTULE VAN AMAGP ALGEMENE JAAR VERGADERING

OP 15 JUNIE 2023

TEENWOORDIG

Bestuurskomitee:

Pos	Naam	Afk	Teenwoordig	
Voorsitter	Albert van Driel	AvD	T	
Adj-Voorsitter	As Kleynhans	AK	T(Virtueel)	
Uitvoerende Lid	Bartholomeüs Burger	BB	T	Lugvaart-verwante SBIs Monitering
Uitvoerende Lid	Zirk Gous	ZG	T	Regsadviseur en Media Skakeling
Uitvoerende Llid	Carl Thomas	CT	T	Menslike Hulpbronne
Gekoöpteer	Tony Savides	TS	T	Bestuurskonsultant
Gekoöpteer	Hennie Roux	HR	T (Virtueel)	Informasie Afdeling
Administrator	Errol Massey-Hicks	EMH	T	Acting Secretary
Tesourier	Alan Swart	AS	V	
				T = Teenwoordig V - Verskoning
AMAGP Lede				Fisies, Virtueel en Volmag Totaal: 25 (Sien Aanhangsel: “A”)

AGENDA ITEMS EN BESLUITE		
1. Verwelkoming		
a. Bespreking, i. Die voorsitter verwelkom die lede teenwoordig. Hulle is verteenwoordigend van die groep wat lankal reeds betrokke is by AMAGP, insluitend vorige bestuurslede. Hy waardeer ook die feit dat lede so vroeg uitgekom het op 'n winterdag om hierdie belangrike vergadering by te woon. ii. AMAGP monitor voltyds dat ons fonds nie geplunder word nie. Hy noem die bevindings van die Mpati Kommissie van Ondersoek wat bevind het dat talle ongerymdhede plaasvind. Dan is daar ook die swart bemagtiging beleggings van die sg “Isibaya” fonds waar nie miljoene nie, maar miljarde Rande verloor word as gevolg van geen winste van ‘n groot persentasie van beleggings, en beleggings wat vermors word op nie-lewensvatbare projekte. iii. Hy rig spesiale verwelkomings aan Mnr Willem Odendaal wat voorheen by die Gautengse Behuising Departement betrokke was, Antonie Visser, ‘n vorige Voorsitter van AMAGP en Andries van Vuuren (AvV), ‘n vorige Bestuurslid word ook spesifiek verwelkom, asook lede wat vir die eerste keer bywoon		
KONSTITUËRING		
2. Kworum		
a. Bespreking . i. In geval dat daar nie ‘n kworum van lede teenwoordig is nie (25% van totaal getal lede), moet die AJV vir 30 minute verdaag en dan weer byeengeroep word. ii. Bywoning is soos volg aangeteken: (1). Bestuurskomitee : 7 - persoonlik ; 2 - Virtueel (Sien bo) (2). Lede Werklik: 7 (3). Lede Virtueel: 2 (4). Volmag vorms ontvang: 7 (Aanhangsel “B”) TOTAAL: 25 iii. Daar is dus onvoldoende bywoners en gevolmagtigdes vir 'n kworum. Die vergadering verdaag. iv. Die AMAGP-grondwet laat toe dat in die geval van onvoldoende bywoning, lede teenwoordig plus gevolmagtigdes tot 'n kworum verklaar mag word.		
b. Besluit. Die vergadering gaan voort met die lede teenwoordig na die 30 minute verdaging.		
3. Notule van die AJV gehou op 19 Julie 2022		
a. Bespreking		

Die notule is op die webwerf beskikbaar gemaak vir kommentaar en navrae. Geen kommentaar of navrae is ontvang nie		
b. <u>Besluite</u> i. Die notule word as korrek aanvaar. ii. Op voorstel van TS met CT as Sekondant word die Notule eenparig deur die lede goedgekeur.	**EMH**	
AGENDA ITEMS		
4. "Steun Pensioen Aanspreeklikheid Nou" (S.P.A.N.).- TS (Aanhangsel "C")		
a. <u>Bespreking – Summary of Concepts</u> i. SPAN is an acronym for the slogan "***Support Pension Accountability Now!".*** It is a rallying call to members of the GEPF, starting with those who are also members of AMAGP, to both accept and to demand accountability for their pensions, or future pensions in the case of members still serving and not yet on pension. The slogan was derived from the necessity for members of the GEPF to realise that they have a direct role to play and both responsibility and accountability for the well-being and the future of the GEPF. It also offers AMAGP as a medium through which this role, responsibility and accountability can be brought to its fullest potential. ii. AMAGP has, over the last decade or so done sterling work in holding the trustees of the GEPF and the management of the fund (the GPAA) to account for several worrying and even critical acts and omissions affecting our pensions, and through them the Public Investment Corporation, which has the sole responsibility for the investment of the GEPF funds. AMAGP has uncovered extremely perplexing details of irregularities, questionable investments and financial practices, and even corruption related to GEPF funds, and continues to engage with all relevant stakeholders in this regard. In the same breath however, AMAGP's sole aim is to ensure the sustainability of our pensions into the future, and not to merely be the proverbial bringer of bad tidings by only uncovering irregularities but also to proactively act in the best interest of the GEPF. Our recently launched project "*My Secure Pension*" ("*My Veilige Pensioen*") is an example of how AMAGP, in cooperation with others, is taking active steps to ensure exactly that. iii. In order to be a credible force in its endeavours and interactions in this regard, AMAGP needs both active members and funds with which to manage everything from day-to-day administration to the possibility of proactive or defensive litigation. According to their website (on 17 August 2023), the GEPF currently has "*more than 1.2 million active members, in excess of 450 000 pensioners and beneficiaries, and assets worth more than R1.61 trillion*". Only around 8,000 GEPF members are also members of AMAGP, with substantial numbers (over 50K) making use of our two Facebook pages. However, of the 8,000 members only some 100 or		

so are actively engaged in the business and aims of AMAGP, while voluntary contributions barely cover the day-to-day activities with a small reserve.

iv. Too many members of the GEPF, and indeed even of AMAGP, seem content to receive their monthly pensions, accepting that "all is well" – despite overwhelming evidence of threats to the security of the GEPF. AMAGP needs GEPF members to take responsibility and accept accountability for the well being of the GEPF, and this is how:

v. SUPPORT.(S)

This is a verb, not a noun! It is a call to GEPF members to take positive steps and actions to ensure the sustainability of the GEPF. Do this by joining AMAGP, by getting others to join, and to actively participate in the activities of AMAGP – by offering your time and, where possible, to contribute financially. AMAGP is, to an extent a bridge between its members and the GEPF. Be like the pillar of a bridge, without which the bridge cannot do its work!

One of the greatest current threats is the fact that most of the current AMAGP management team are well into their eighties and they need new and additional blood to support, and eventually take over, the activities of AMAGP. We need expertise across a wide spectrum, and we need members from all government departments.

Support "*My Secure Pension"* in all its facets, but especially, through funding. If we are to succeed in the aims of this project, expensive litigation is a real probability.

vi. PENSION ACCOUNTABILITY. (P.A.)

You are as accountable for your pension as the Board of Trustees of the GEPF and the management thereof (the GPAA) are! You have every right, and in fact a duty, to demand excellence and accountability through active interest in the goings-on of the Fund and by questioning and by demanding answers where you feel necessary. This is YOUR fund, and it does not belong to the State, the Board of Trustees, the GPAA or the PIC! You cannot and must not sit back believing that all is well when, clearly, there are major issues. Some accuse AMAGP of scare mongering, but the facts speak for themselves. Look, listen, read, interpret and act - as an individual member of the GEPF or through AMAGP. Serving members can do this themselves or through the PSA, through their trade unions, or also through AMAGP.

vi. NOW! (N)

"*There is not time like the present*" might seem like a hackneyed cliché, but it is also a truism. The threat of GEPF funds being used to further bolster ailing and failing State-owned enterprises, such as Eskom, and for political gain, is real and imminent. In fact, billions have already been lost through a range of irrational, ill-timed and ill-advised ventures and this must stop! At the same time steps must be taken to recover as much of what has been lost as possible.

AMAGP needs active members, and it needs funds. Join AMAGP and/or join in its activities, and encourage others to join and to join in. Support us through action and funding. Join the "MY Secure Pension"

initiative to, inter alia, wrest control of the GEPF from the hands of the State through the Minister of Finance. If not through or with AMAGP, act individually, in groups or through other representations such as unions, but ACT and ACT NOW! Get involved in the business of the GEPF but remember Y.C.D.B.S.O.Y.B!* **(* You Can't Do Business Sitting On Your Backside!)** vii. Johan Coetzer het voorheen op die Raad van Trustees van die GEPF gedien. Hy rapporteer dat die GEPF op daardie stadium (circa 2018) vir AMAGP as 'n klein groepie gesien het wat geen invloed het nie. Hy rapporteer dit om TS se beklemtoning dat lede getalle en Fondse kardinaal is vir geloofwaardigheid, te ondersteun. ii. Hannes Strydom versoek dat die aspek van Werwing bespreek word		
b. <u>Besluit</u> Verdere bespreking van Werwing sal tydens die agenda item "Algemeen" hanteer word	**SEK**	
5. AMAGP Voorsitter Jaarverslag - AvD (Aanhangsel "D")		
a. <u>Bespreking</u> <u>i</u>. AvD deel die vergadering mee dat hierdie jaar se verslag meer informeel sal wees as verlede jaar. Die rede is dat die jaar redelik kort was weens die feit dat die 2022 Algemene Jaarvergadering laat in die jaar plaasgevind het, asook dat daar nie genoeg tyd was om die Sakeplan behoorlik goed te keur nie. ii. <u>Suksesse</u>. Kommunikasie met die Ombudsman van GEPF, asook met die "Bedrog Warmlyn" is gevestig. Reaksie was tot 'n mate verkry. ZG sal verder hierop uitbrei. Hierdie organe skep vir ons 'n ander manier om druk toe te pas op GEPF, asook die OBK. (Dwang Maatreëls.) iii. <u>Mylpale</u>. (1). Wat betref die mylpale wat in die Sakeplan vervat is, het ons redelike sukses behaal, maar nie tot die mate wat ons graag wou nie, want ons was maar dun op die grond wat medewerkers en helpers aan betref. Ons het byvoorbeeld nie geslaag om ons ledetal met 50 persent bo die 8000 teenswoordige lede te verhef nie. Ook nie om noemenswaardig meer betalende lede te verkry nie. Ten opsigte van laasgenoemde aspek was ons geadviseer om nie lede gelde te hef nie, maar liewer vrywillige donasies toe te laat. Ons het ons konstitusie dienooreenkomstig aangepas. Soos TS uitgewys het, is beide lede en fondse van kardinale belang in ons vereiste van geloofwaardigheid en "SPAN" vir die toekoms. (2). <u>Dwang Maatreëls</u>. Heelwat briewe is die afgelope jaar geskryf aan die GEPF, ander instansies (Byv. Ombudsman) en selfs die OBK. ZG sal hierop uitbrei. Ons Is besig om voor te berei vir groter druk in die toekoms. Maar hiervoor sal ons 'n sterk finansies fondament benodig. Daarom Is dit so 'n belangrike aspek wat Tony uitgelig het in sy voorligting. (3). <u>Lang termyn Doelwitte</u>. Ons het besluit om nou te begin werk aan die lang termyn doelwit om die greep wat die huidige regering op die GEPF en OBK het, te verbreek. Die Regering gebruik veral die		

OBK om ons fondse te misbruik. Hulle is van opinie dat omdat hulle bydra tot die pensioenfonds, dit nou aan hulle behoort, maar eintlik behoort die Fonds aan die GEPF. Die OBK is slegs ‘n beleggings agent van die GEPF. ZG sal verder op die doelwit uitbrei. (4), Ontwikkel bronne. Mannekrag, fondse en kundigheid is hier betrokke. Daar is baie kundigheid onder ons lede wat pensioenarisse is. Dit sal baie help as van hierdie mense hulle kundigheid sal aanbied om AMAGP te help. Net ‘n gedeelte van hul beskikbare tyd sal al vir ons van groot waarde wees. (5). Slot. Ons het in 2023 meer sukses behaal met die bereiking van die Mylpale as in 2022. iv. Die voorsitter bedank eerstens al die lede wat so gereeld bydra tot die Fonds. Hy benadruk dit dat ons ‘n “maer” begroting het en dat ons nie onnodig geld spandeer nie. Ons spaar liewer die fondse, sodat ons uiteindelik kan litigeer wanneer dit nodig word. v. Hy bedank ook sy Bestuur en die medewerkers wat so getrou bydra tot die optrede en werksaamhede van AMAGP. Laastens spreek hy ook sy dank uit teenoor die Administrasie span wat die onderbou van die Vereniging in stand hou.		
b. Besluit Vrae en kommentaar sal tydens “Algemeen” hanteer word.		
6. AMAGP Sakeplan vir 2023/4 – **AvD** (Aanhangsel “E”)		
a. Bespreking i. Die 2023/4 Sakeplan sal ‘n uitbreiding wees van die 2022/23 Sakeplan. Dit is weens die beperkte tyd wat ons gehad het om die 2022 /23 Sakeplan te implementeer, soos reeds genoem. Die stap sal ons toelaat om die geldige mylpale van die vorige jaar verder te implementeer, asook om daardie mylpale waar ons nie sukses behaal het nie soos die uitbreiding van lede-getalle en betalende lede verder aan te spreek. ii, Ons sal ook veral aandag gee aan die aspekte van mannekrag, fondse en kundigheid. Dit gaan ook daaroor dat ons Bestuur en medewerkers meer ondersteuning kry. Dit is nodig sodat hulle ook aan hul persoonlike lewens kan aandag gee en nie al hul tyd aan AMAGP sake moet spandeer nie. iii. Die uiteensetting Van die sakeplan is standaard en redelik in lyn met die van Microsoft, maar ons verkies om die proses te gebruik waarmee ons vertroud is. iv. Die Voorsitter, neem die vergadering opsommenderwys deur die bestaande mylpale: (1),Vergroot die ondersteuningsbasis en skep bewustheid vir deelname. (2). Verhoog lede-getalle asook Betalende lede: Hiermee het ons nie baie sukses gehad nie, maar ons het darem steeds ongeveer 8000 ingeskrewe lede, terwyl daar op elk van die Facebook groepe ongeveer 50 000 lede aangedui word. Daar is wel ‘n mate van oorvleueling sodat die totale getal lede en belangstellendes moontlik effens minder is. (3). Dwang Maatreëls: (a). Briewe aan GEPF. (i). ZG sal meer detail hieroor gee. Hy sonder egter die brief oor die 2023 pensioen aanpassing uit. Die brief is geskryf na duisende mense op ons FB Groepe en in die media daaroor gekla het. Die GEPF is daarop gewys dat		

die eintlike rede waarom ‘n 100% aanpassing van die inflasiekoers nie moontlik was nie, hul “sondes” van die verlede was. Die Fonds het Miljarde Rand verliese gely agv onbesonne en korrupte beleggings via die OBK. (ii). Die hoë lewenskoste waarmee pensioenarisse te doen het behoort ook in ag geneem te word. (iii). Hulle het nie van die brief gehou nie. Na omtrent 7 weke het ons ‘n professionele maar onbevredigende antwoord gekry. Die situasie veroorsaak dat daar tans ‘n gespanne verhouding tussen AMGP en die GEPF bestaan. (4). Kommunikasie met goedgesinde Politici. Ons gee belangrike kwessies waarvan ons bewus is deur aan van die Parlementariërs. Hulle sorg dan dat dit bespreek word wanneer die GEPF en OBK hulle jaarlikse verslae aan die Parlementêre Komitees voorlê. (5).Gebruik Bronne en Kundigheid van Pensioen Beskermer (PB) en Solidariteit. Skakeling met PB vind al geruime tyd plaas. Nou lyk dit of Solidariteit ook ‘n “vennoot” kan word in ons strewe na ‘n “veilige” pensioen. (6). Wees bedag op Ongewone Bedreigings. Daar is organisasies wat ons die mond probeer snoer wanneer ons korrupte of swak beleggings blootlê. So het ons al die dreigement van ‘n siviele klag teen ons gehad. v. Lang Termyn Doelwit: Breek die Wurggreep van die Huidige Regering op die GEPF (en OBK). ‘n Langtermyn Doelwit “Beskerm my Pensioen” word bygevoeg as ‘mylpaal met projek status. Die Regering het nie genoeg geld om die ekonomie in stand te hou nie en sien die Staatsdiens Pensioenfonds as ‘n melkkoei. Daarvoor gebruik hulle die OBK wat onder Regeringsbeheer sorteer.		
b. Besluite Dateer die Sakeplan op	**AvD, EMH**	
7**. Algemene Kommunikasie** - **AK** (Aanhangsel “F”)		
a. Bespreking i. Algemene Kommunikasie vind dmv geskepte kanale plaas. Dan het ons drie belange groepe nl, Pensioenarisse; hulle is die belangrikste groep weens hul direkte betrokkenheid by die wel en wee van die Fonds; Werkende GEPF lede en die Algemene publiek. ii. ‘n Probleem om die pensioenarisse werklik betrokke te kry is die feit dat hul nog elke maand hul pensioen kry, asook jaarlikse verhogings en dat baie ook die GEPF se mooi stories glo van hoe goed dit met die pensioen gaan, AMAGP is eintlik die enigste organisasie wat deurlopend omsien na ons pensioenarisse. Ons weet dat van die pensioenarisse ook aan ander organisasies behoort wat as deel van hul werksaamhede na die pensioenarisse omsien maar die meerderheid pensioenarisse het niemand wat na hulle omsien nie .Dit lei daartoe dat baie van die lede nie eers bewus is van die bedreiging teen ons Fonds nie. Dit word vererger deur die feit dat die GEPF weier om ons toegang te gee tot kontak besonderhede van pensioenarisse. iii. Ons poog dus om soveel moontlik pensioenarisse langs ander kanale te bereik. Nogtans verkry ons maar kontak met ‘n baie klein persentasie van die totale getal. Ons probeer om belangegroepe in sekere areas te vestig om kontak uit te brei, maar dit het nog nie geslaag nie. Iv .Die werkende lede kry nog salaris en dus stel hulle nie veel belang in pensioen aangeleenthede nie. Ons sal poog om beide bg groepe te oortuig van die noodsaaklikheid om ook aanspreeklikheid te aanvaar vir die		

oorlewing van hul pensioen,. Vir die doel sal ons gebruik maak van “SPAN” waarvan u nou reeds kennis geneem het. v. Die “publiek” waarvan ons praat sluit in Politici, Vakbonde, media huise en ander organisasies wat ons kan help om ons boodskap uit te dra en ons op ‘n manier kan ondersteun. Maar uiteindelik is die breë spektrum van die publiek ook betrokke weens die grootte van ons fonds. Sou ons fonds ondergaan, sal die belastingbetalers geaffekteer word. vi. Ons het ‘n webwerf wat toeganklik is vir enige iemand. Mense kan ook aanlyn daar aansluit. Belangrike informasie oor die ontstaan en visie, missie, beleid, die nuusbrief, optrede en waardes van AMAGP is daar te vind. vii. Ons nuusbrief, die “Monitor” verskyn gereeld en dek verbandhoudende artikels wat in die media verskyn het asook ‘n vertolking van die impak daarvan vir die Fonds. Die redakteur is nie eers ‘n GEPF pensioenaris nie, hoewel hy ‘n staatsdiens werknemer was. Ons is hom baie dank verskuldig vir wat hy doen. viii. Twee FB Groepe is geskep. Die eerste is die “GEPF Watchdog”, - Ons het van die oorspronklike Afrikaanse naam na hierdie naam oorgeskakel omdat die meeste lede van die groep nie Afrikaanssprekend is nie. Die primêre doel van die groep is om GEPF lede in te lig mbt verwikkelinge van ons Fonds. Ons het ietwat van ‘n plato bereik wat getalle betref. Die totaal van lede is tans so tussen 51 000 en 52 000. Die Groep is ook ‘n vername bron van werwing en mense kan ook vandaar as AMAGP lede aansluit, Ons hoop is dat ons nuwe benadering van “SPAN” ons uit die doldrums sal help. ix. Die Tweede FB Groep het sy ontstaan gehad nadat administratiewe vrae van pensioenarisse wat probleme of vrae het oor hul persoonlike situasie mbt die uitbetaling of waarde van pensioene te veel geraak het. Dit het die administrateurs van die “Watchdog” se volle aandag begin verg. Die “GEPF Information Forum” (GEPI) is toe vir die doel gestig. Susan Voges het die Groep “aangeneem” en bedryf dit uitstekend. Sy het ‘n goeie verhouding met die GEPF administrasie afdeling (GPAA) opgebou en reeds etlike mense gehelp met advies en bystand om oplossings te vind. Die ledetal groei by die dag en staan tans op ongeveer 69 000 lede.		
b. <u>Besluit</u>. Die Vergadering neem met dank kennis van die kommunikasie pogings.		
8. **Menslike hulpbronne** – **CT** (Aanhangsel “G”)		
a. <u>Bespreking</u> i. <u>Geregistreerde Lede</u>: Die werklike totaal geregistreerde ledetal is tans 7344. Maar dan is daar ook nog 130 lede van wie die e-posadresse ongeldig is en kan ons nie met hulle kommunikeer nie. Elke lid het ‘n lid nommer. ii. <u>Uitdagings</u>: Die uitdagings wat ons moet hanteer wentel kortliks om vrywillige aktiewe deelname (medewerkers en fondse); uitbreiding van werwers en werwing optrede gekoppel aan bemarking.. Ten opsigte van die lg twee aspekte, oorweeg ons weer die idee van streeks-verteenwoordigers. iii. <u>Bydraes (Fondse)</u>:. CT verduidelik die opsies wat gebruik kan word om bydrae in AMAGP se rekening te betaal (Sien Aanhangsel (“G”) iv Johan Coetzer (JC) wys daarop dat die belangstelling van die Dept van Verdediging in die pensioenfonds maar uiters laag is. Hy noem die voorbeeld van die verkiesing van Trustees in 2022. Slegs omtrent 500 uit meer as 70 000 het vir ‘n weermag verteenwoordiger gestem, terwyl die persentasie pensioenarisse wat vir hul verteenwoordiger gestem het net so onbeduidend klein was. Dit is teleurstellend, maar hoewel AMAGP se ingeskrewe ledetal		

ook klein is, kan goeie kommunikasie met eie lede veroorsaak dat AMAGP tydens sekere verkiesings werklik impak kan hê.		
b. Besluit. Die werwing kwessie sal tydens “Algemeen” bepreek word		
9. Informasie Funksie – **HR** (Aanhangsel “G” - Engelse Weergawe)		
a. Bespreking i. Doel. Om relevante informasie tov die bedreiging teen ons pensioen aan die AMAGP te verskaf, vir die formulering van beleid en optrede om dit te bekamp. ii. Betekenis. Om dit te verwesenlik moet die volgende gedoen word: Die insameling, rangskikking/berging, vertolking en beskikbaarstelling aan uitvoerders van relevante informasie tov die bedreiging teen ons Fonds . iii. Insameling van Informasie. Daar is bepaal waarna gesoek moet word en hoe. Vervolgens word daar data vanuit beskikbare bronne ingesamel. So word data daagliks versamel – meeste afkomstig vanuit die media. iv. Rangskikking en Berging. Elke inkomende brokkie informasie word op ‘n logiese plek id argief geplaas. Die argief is omvattend en bevat tans informasie wat oor 3 jr vergader is. Dit bevat byv data oor: die GEPF se beleggings; die toestand van die SBIs; Mpati verslag se kern aspekte; ons Fonds se Volhoubaarheid; Politieke inmenging; Korrupsie; ens. v. Vertolking van Data. Hiermee word gepoog om die data nie net op te som nie, maar om ook te bepaal wat die betekenis daarvan is en of/hoe agv daarvan opgetree behoort te word. So byv kan data tov ‘n onderwerp byv 50 inskrywings – elk in die vorm van ‘n webwerf – bevat. Hiervoor is ingeligte en bekwame mannekrag nodig. Nieteenstaande die feit dat ons oor sowat 55000 AMAGP verwante persone beskik, waaronder daar oud-speurders, navorsers, inligting amptenare, ens, is, kry ons geen/weinig hulp hiermee. Die gevolg daarvan is dat die baie klein span wat moet optree se vrywillige tyd hiermee vermors word, aangesien hulle die vertolking self moet doen. vi. Samevatting vd Milieu waarbinne die AMAGP tans optree: Al hoe meer vd media beweer dat ons deel is /of word van ‘n sg “Failed State”. As bewyse word die toestand van Eskom, ander SBIs soos Transnet, Poskantoor, edm sowel as die agteruitgang van die Rand en die toestand van die ekonomie aangehaal. Swak politieke besluite, onbekwaamheid van amptenare, misdaad en gepaardgaande swak/geen vervolging van boosaards is aan die orde. Die ANC en sy kaders word meesal as oneerlik en onbekwaam uitgebeeld. vii. Beknopte samevatting vd Bedreiging teen die Fonds - Die omvang vd Fonds trek baie aandag, veral van die wat dit sou wou misbruik. - Fonds personeel sien die Fonds as die eiendom vd regering (meer bepaald die regerende party) ipv dat dit aan die lede behoort. - Politici meng in daarmee en beskou dit as ‘n oplossing vir hulle wan administrasie. Groot bedrae word aan BBBEE bestee. Die bedrae is pas weer vergroot nieteenstaande die swak prestasies van die verlede. - Aanduidings is dat belangrike ANC kaders in die Bestuur ontplooi is. - Verantwoordbaarheid is onvoldoende. Daar is byv oor die 70 uitstaande opdragte van die Parlement waarvoor geen terugvoer nog verskaf is nie.		

- Geheimhouding deur die GEPF/OBK van belangrike aspekte, word graag aangewend. Navrae word sover moontlik omseil. - Groot bedrae word gereeld afgeskryf of verloor. So byv is daar in die afgelope tyd sowat: R200 miljoen (R150 milj diefstal + R57 milj op'n hofsaak en fluitjie blaser by die "Daybreak hoender plaas verloor agv diefstal en swak bestuur. - Palmietfontein (eiendom naby Klerksdorp); 'n (geheime) skikking met die Survè besighede het ten gevolge gehad dat ons Fonds oënskynlik skade van etlike biljoene gelei het. VBS R600 milj; Steinhof R31 Bilj. - Die Mpati ondersoek na die OBK van 6000 blse getuienis. 'n Groot aantal aanbevelings is gedoen, Dit is deur die SP goedgekeur vir uitvoering. Vordering met die uitvoer daarvan deur die OBK en GEPF is grootliks in geheimhouding gehul. viii. **Slotsom**. Wat is deur die Informasie Afdeling id laaste 3 jr bereik? - 'n Argief met omvangryke, waardevolle en bruikbare informasie. - Vanweë die omvang daarvan en die onbeskikbaarheid van vertolking vermoëns, is meeste van die info nie vertolk nie. Daar is egter 'n redelike aantal vertolkte produkte beskikbaar. ix. TS wys daarop dat die informasie wat ons bekom hoofsaaklik uit oop bronne is en dus nie geheim is nie. Vertolkte informasie mag wel geklassifiseer wees. X. Die bedrag genoem tov die Steinhoff skandaal, word bevraagteken.		
b. <u>Besluit</u> Bevestiging van die Bedrag betrokke mbt Steinhoff, sal later deur die Voorsitter bevestig word, wanneer hy verder sal uitbrei op die kwessie.	**AvD**	
10. Kommunikasie met die GEPF – **ZG** (Aanhangsel "I")		
a. <u>Bespreking.</u> ZG gee 'n oorsig van AMAGP kommunikasie met die GEPF, OBK, Ombudsman en "Fraud hotline" oor kommerwekkende kwessies. Besonderhede van datums is in die Aanhangsel. i<u>. Isibaya</u>. Beleggings is meestal vir swart bemagtiging doeleindes. 45% hiervan ly egter verliese of raak totaal verlore. Briewe aan GEPF en OBK was opgevolg met 'n klagte aan die Ombudsman omdat ons geen antwoorde van die organisasies gekry het nie. Hou in gedagte dat die Ombudsman slegs 'n interne instelling is van die GEPF. Skrywe aan die instansie het reeds in Sep 22 begin en gereeld opgevolg. Al reaksie was dat die klag "beoordeel" word. Die antwoord is baie later ontvang as die 2 weke wat hulle eie reëls voorskryf. Verder niks – en dit van 'n organisasie (GEPF) wat hulself as 'n "oop" instelling beskryf. ii<u>. "Daybreak Farms</u>". Die instansie wat al voorheen beleggings met GEPF fondse gedoen is, was onlangs weer in die nuus agv R150 miljoen wat verdwyn het, terwyl blykbaar nog geld spandeer is om die "fluitjie blaser" op te spoor en te vervolg. Ons eerste skrywe was in Des 22. Hierop het ons 'n afwysende antwoord gekry . Verdere navrae het gelei tot 'n antwoord dat die OBK steeds met 'n ondersoek oor die kwessie besig is. Hulle is blykbaar steeds daarmee besig. Die GEPF vervul geen oorsig rol tov die OBK nie. iii. <u>Palmietfontein.</u> Dit behels die aankoop van 'n stuk grond vir 'n bedrag wat die werklike markwaarde ver oorskry het. Dit was voorgegee gewees om die		

MK Veterane ten baat te wees mbt werkgeleenthede. Daarvan het niks gekom nie. Die GEPF was direk betrokke by die kwessie deur een van hul lede ‘n sekere Mahapa wat die Projek bestuurder by die OBK gaan bekendstel het en R 200 000 as fasiliteerder gekry het. Ons het die feite aan die GEPF voorgelê en spesifiek gevra wat hulle doen omtrent Mahapa; hy was immers ‘n GEPF lid wat onregmatig opgetree het. Die antwoord was ‘n dawerende stilte. Daar is etlike oortredings in hierdie saak waarop die GEPF kon reageer. Ons het geen antwoord gekry nie. SAAI is intussen besig met ‘n ondersoek maar kry nie effektiewe hulp van die SAPD nie. iv. Pensioen Aanpassing vir 2023. Die Voorsitter het ook hieroor gepraat. Die antwoord, wat ons gekry het, omskryf duidelik die oorwegings wat volgens die GEPF Wet en Reëls geld, Dit is ook so in die GEPF Wet uiteengesit en het hulle dus regmatig opgetree. Ons argumente, feitelik of nie, het geen regsgeldigheid nie. Dit is dus nie ‘n kwessie wat met klagtes opgelos sal word nie. v. Radio 702 gesprek. Voorsitter van die Raad van Trustees (RvT) van die GEPF wie ook voorheen die DG van die Tesourie was, Dondo Mogojane, het tydens ‘n onderhoud met Radio 702, heelwat te sê gehad oor wat met GEPF fondse gedoen moet word. Die boodskap was dat die GEPF transformasie in SA moet verwesenlik. Ons het in Mei daaroor kapsie gemaak by die GEPF deur daarop te wys dat beleggings van die Fonds nie op politieke oorwegings gemaak moet word nie, maar in die eerste plek in die beste belang van die lede. Geen reaksie gekry nie. Vi Tayob Familie Eis teen GEPF. Hierdie familie eis R1.3 Triljoen (van die (R2.3 Triljoen) van die GEPF. Dit behels ‘n belegging wat lank gelede via ABSA deur ‘n voorvader gemaak is. Volgens hulle is dit nou R1.3 Triljoen werd. Die saak het reeds in die hof gedraai, waarna hulle as die eiser die onus dra om die saak verder te neem. By ‘n Vergadering wat deur Genl Bantu Holomisa belê was (en primêr die TBVC Weermagte se pensioene behels het), was ook deur die familie se regsverteenwoordigers bygewoon. Hul insette het gedui daarop dat hulle steeds positief is oor die sukses van hulle eis. Hierdie risiko vir die Fonds word nêrens in die OBK of GEPF se jaarverslag van 2022 genoem nie. Ons het aan die einde van Nov 22 navraag gedoen by die GEPF oor die saak. Nog geen reaksie.		
b. Besluit. Hou aan om verwikkelinge te monitor.	**ZG**	
11 .”My Veilige Pensioen” – Projek ZG (Aanhangsel ”J”)		
a. Bespreking. i. Die langtermyn veiligheid van die Staatsdiens Pensioenfonds is hier ter sprake. Dit wil sê die volhoubaarheid en vermoë om regmatige voordele aan lede en begunstigdes te betaal, moet volhou word. Die bepalings van die wette van die GEPF en OBK soos dit tans opgestel is, plaas die beheer van die Fonds in beheer van die regerende party. Die Minister van Finansies het oormatige beheer oor die GEPF en volle beheer oor die OBK as ‘n Staatsbeheerde Entiteit (SBE). Daarby is die OBK die enigste beleggings instansie wat deur die GEPF gebruik word. Sowat 3 jaar gelede is die GEPF Wet so verander, dat beleggings in “Transformasie” mag plaasvind ii. Pensioenwette wat Privaat pensioene beheer het bepalings ingebou om die fondse te beskerm. Een kritiese bepaling is dat “The fund may not invest in the business of the owner”. Daar is geen so ‘n bepaling in die wette wat die Staatspensioen Fonds beheer nie. Dan is daar ‘n verdere bepaling wat		

vereis, “All investments must be in the best interests of the members”. Weereens, geen so ‘n bepaling in die GEPF of OBK Wette nie Met ander woorde, die aanvaarde beginsels mbt pensioen beleggings word totaal geïgnoreer en is Transformasie nou die prioriteit wat beleggings van ons Fonds betref. Van die twee tipes pensioene in Suid-Afrika het die privaat-sektor pensioene baie meer beskerming as die Staatsdiens pensioen. Artikel 9 van die Grondwet sê baie duidelik dat almal gelyke regte moet hê . iii. Die projek “My Veilige Pensioen” het ten doel om die Politieke beheer van die GEPF te beëindig en dus die wangebruik daarvan stop te sit. Dit is nie iets wat ons as organisasie alleen kan aanpak nie. Solidariteit het 8 000 GEPF lede terwyl Afriforum so 20 000 eks-staatsamptenare onder hulle sowat 200 000 lede het. ZG het tydens ‘n gesprek met beide organisasies aanbeveel dat hulle die projek saam met ons aanpak. Intussen gaan AMAGP voort om die Veilige Pensioen konsep die hooftema van ons bemarking- en werwingsveldtogte te maak. Ons wil wel saam met ander organisasies saamwerk om die projek aan te pak, maar ons kan nie agter hulle “wegkruip” nie. Ons moet ons eie geloofwaardigheid en finansies besit. iv. Saamgevat is daar twee hoof elemente waarop ons moet aksie inisiëer nl: (1). Litigering om die wette te verander; (2).Fondsinsameling om litigasie te finansier. v. Kommentare. (1). Die Wette is spesifiek so verander om die Regering ‘n vastrapplek in ons Pensioen te gee (2). Die regering kruip weg agter die “verskoning” dat ons pensioen deur die Staat “Gewaarborg” word. Ons weet almal dat hulle nie enigsins die vermoë het om dit te doen nie. (3) Die samestelling van die RvT veroorsaak dat die Staatsdiens en pensioenaris verteenwoordiging aan die kortste end trek teen die politieke aanstellings. Daarom dan dat die GEPF se oorsig verantwoordelikheid mbt die OBK net op papier bestaan.		
b. <u>Besluit</u>. ZG sal ‘n werkgroep lei om die loods van die projek te beplan en beheer.	**ZG**	
12. Strategie Oorsig – **AVD** (Aanhangsel “K”)		
a<u>. Bespreking.</u> i. Die model wat ons gebruik het om strategie te ontwikkel is die sg “Ends”, “Ways” en “Means” (EWM) stelsel. Na ontleding van die elemente is die bedreiging teen jou duidelik, asook wat jy wil bereik, die metodes om dit te doen en die bronne wat jy kan gebruik. ii. Ons bedreiging is dat daar deur verskeie organisasies, verskeie metodes gebruik word om ons pensioen fonds te stroop. iii. <u>Opsomming van Model</u> (1). Ends”- verduidelik "wat" bereik moet word en wanneer dit bereik word, skep of dra dit by tot die bereiking van die gewenste eindstaat. (2). “Means” - (aksies of strategiese konsepte) verduidelik "hoe" die doelwitte bereik sal word deur die gebruik van beskikbare hulpbronne. Hierdie konsep moet eksplisiet genoeg wees om beplanning leiding te gee aan diegene wat verantwoordelik is vir die implementering en hersiening van die konsep.		

(3). “Means” - (hulpbronne) verduidelik die spesifieke hulpbronne wat gebruik moet word in die toepassing van die konsepte om die doelwitte te bereik. iv. In AMAGP se geval geld die volgende: (1). “Ends” – (Lang Termyn Doel) - Pensioenarisse is tevrede met die prestasie van die fonds; hulle is tevrede met die maandelikse betalings sowel as die langtermyn volhoubaarheid van die fonds. Die faktore word teoreties en prakties gemeet aan die volgende vereistes: (a). Nakoming:; Wette en Regulasies, Mandate. Ens. (b). Kapitale waarde: Moet taan die vereiste van volhoubaarheid voldoen (c) Doeltreffendheid. Self-verduidelikend (d).Reputasie: GEPF het op ‘n stadium ‘n goeie reputasie gehad, tot so ‘n mate dat ‘n Kanadese organisasie hulle as een van die beste pensioen fondse ter wêreld beoordeel het. Dit is ongelukkig glad nie meer waar nie. (e). Risiko blootstelling: Die Mpati Kommissie het bevind dat Swart bemagtiging projekte tot voordeel van slegs ‘n klein getal persone is en nie die meerderheid nie. Verder is aanbeveel dat baie beter beheer oor Swart bemagtiging projekte uitgeoefen moet word. (2). “Ways” – Dit sluit die optredes of werk wat geneem moet word in. Onder andere, Moniteer die strategiese omgewing; Oorsig van die RvT; Kommunikeer met GEPF en AMAGP lede; Pas siviele druk toe; Bestuur AMAGP; Pas korreksies toe. Die GEPF PUO het tydens ‘n vergadering erken dat “you keep us on our toes”. Ons gebruik ook sekere politici om by parlementêre komitees druk op die GEPF en OBK te plaas oor hul optredes wat tot nadeel van ons fonds is. Hulle het die gewoonte (GEPF, OBK) om net die “Goeie verhaal” by hierdie komitees te rapporteer. ’n Voorbeeld is die verlies van R150 miljoen by “Daybreak Farms” – Dit is nooit aan die komitees rapporteer nie. (3)”Means” – AMAGP lede; Medewerkers; Hulpbronne, insluitend befondsing en alliansies. Ons het alliansies met byv, Helen Suzman Trust en die Vereniging van Staatsamptenare (VSA). Ons het ook ‘n goeie verhouding met Solidariteit. v. <u>‘n Meer “Offensiewe” Strategie.</u> Dit kom basies daarop neer dat jy ‘n sterk punt van jou interne omgewing koppel met ‘n geleentheid uit die eksterne omgewing om meer stukrag aan die toepassing van die strategie te verskaf. Ons glo dat Projek “My Veilige Pensioen” die nodige stukrag aan ons strategie kan gee.		
Finansies		
13 Finansiële Jaarverslag 2022/3 – **AvD** (Aanhangsel “L”)		
a. <u>Bespreking</u> i. Die Voorsitter verduidelik die situasie mbt AMAGP finansies soos aan die einde van Feb 23. Daar was ‘n vermindering van R3 000 vergeleke met die einde van die 2022 finansiële jaar. Die begroting wissel tussen R60 000 tot R90 000 per jaar. Ons poog vir groter sukses met donasies om oor ‘n paar jaar litigasie te kan inisiëer. ii. AvD bedank daardie lede en medewerkers wat bydraes maak, waarvan party gereelde bydraers is. Dit help ons om AMAGP ten minste administratief aan die gang te hou. Hy bedank ook sy Bestuur vir die bydraes wat hulle uit eie sak maak om intern en ekstern te kommunikeer en hul pligte uit te voer.		

ii. Bywonende lede vra om die volledige informasie in die geskrewe verslag te sien omdat hulle nie voorheen insae daartoe gehad het nie. Die verslag word omgestuur vir besigtiging terwyl daar voortgegaan word met die vergadering.		
b. Besluit. Na besigtiging van die Finansiële Staat vir 2022/3 stel A. Kleynhans voor dat die Staat goedgekeur word. ZG sekondeer. Die Vergadering keur die verslag goed	**AS**	
14. Steinhoff		
a. Bespreking i. Ons het aanvanklik die verlies vir ons Pensioenfonds op R28 biljoen bereken volgens die informasie tot ons beskikking. Teen 2015/6 het dit duidelik geword dat die minimum bedrag so R34 biljoen was. ii. Teen einde 2015 het amptenare van die Duitse IB en finansies outoriteite Steinhoff se kantore binne gedring om ondersoek na die besigheid in te stel. Dit was duidelik dat hulle suspisieus was. Dit het aan die lig gekom dat die hoof van die konglomeraat, Markus Jooste, sedert omtrent 2010 skim besighede gestig het waarmee hy "besigheid" gedoen het om valse opgeblase informasie van Steinhoff te skep. iii. Dit was al bekend dat die Duitse owerhede Steinhoff ondersoek toe 'n sekere Naidoo van n maatskappy genaamd "Lancaster", vir Matjila, toe die PUO van OBK, nader en oortuig om R9 biljoen in Steinhoff te belê. Dit, sodat hulle "'n groter seggenskap" in Steinhoff kan kry, Die GEPF keur dit goed, ten spyte van die tekens van onreëlmatighede wat reeds bestaan. Ons uiteindelike verlies is dus ongeveer R43 biljoen. In 2017 bedank Jooste en die Steinhoff aandele prys daal met 95%. iv. Tot datum het die GEPF 'n totaal van R10 biljoen terug gekry uit betalings van R4 biljoen en R6 biljoen onderskeidelik, Dit is twyfelagtig of daar verder terugbetalings sal wees. Dit is maar omtrent 21% van die verlies wat gely is. AMAGP het reeds in die verlede in briewe en media vrystellings gewaarsku teen die risiko om te veel in een instansie te belê.. Die 2022 Jaarverslag van die OBK toon ook geen teken van 'n oudit van hul beleggings nie v. Daar was onlangs 'n TV program deur "Idea Candy" waarin die gebeure rondom die Steinhoff skandaal bespreek is. AvD is namens AMAGP genooi om deel te neem dmv 'n onderhoud. Die GEPF en OBK het geweier om deel te neem. Tot ons teleurstelling is baie min van ons inset in die finale resultaat opgeneem. AvD beplan om dit met die maker en regisseur van die program te bespreek.		
b. Besluit. Met die feite tot ons beskikking na die skandaal bekend geword het, sal ons nog aan GEPF skryf en vra wie verantwoordelikheid gaan neem vir die oormatige belegging en die Lancaster gemors.	**AvD**	
15. Voorgestelde wysigings aan die AMAGP Konstitusie – EMH (Aanhangsel "M")		
a. Bespreking. i. Daar is twee wysigings om te oorweeg, een elk tov Klousules 5 en 6 onderskeidelik		

ii. Klousule 5 bevat die kwessie van donasies deur lede; Die wysiging behels net die verandering van die woord “welcome” (...to donate) na “encouraged” (..”to donate”). iii. Klousule 6 raak die samestelling van die Bestuur en tydperk van aanstelling. Tot datum is die Bestuur jaarliks verkies. Dit is egter nadelig vir kontinuïteit van benadering en voltooiing van langer termyn take. Nuwelinge sukkel ook om die kultuur, prosesse en prosedures van AMAGP binne ‘n enkele jaar baas te raak. Bestuur stel dus die volgende voor om die negatiewe effek van die een-jaar termyn uit te skakel. (1) Bestuurslede word vir ‘n termyn van 3 jaar verkies. (2) ‘n lid mag ‘n maksimum van 2 opeenvolgende termyne dien. (3) indien ‘n lid vir enige rede nie meer beskikbaar is nie, mag Bestuur ‘n vrywilliger as plaasvervanger aanstel vir die oorblywende duur van die termyn.		
b. Besluit. Lede word versoek om oor die voorgestelde wysigings te stem. Die wysigings word eenparig goedgekeur.		
16. Aanstelling van interne Oudit Komitee of Ouditeurs		
a. Bespreking. i. Volgens die Wet op Geen-Winsbejag Organisasies (GWO), moet elke GWO ‘n interne oudit komitee uit sy lede aanstel of ‘n eksterne rekenmeester/ouditeur firma aanstel om die finansies te oudit en ‘n jaarlikse finansiële verslag saam te stel. ii. Die Voorsitter stel voor dat ons die Tesourier magtig om opsies te ondersoek ten einde die beste oplossing vir AMAGP te kry.		
b. Besluit. Die Vergadering keur die voorstel goed nadat BB dit sekondeer.	**AS**	
17. Verkiesing van Bestuur		
a. Bespreking, i. In die lig van die goedkeuring van die Konstitusie wysiging dat Bestuur vir 3-jaar termyne verkies sal word, is huidige Bestuurslede gevra of hulle gewillig is om nog aan te bly. Almal het ingestem daartoe. ii. Daar is nog een Bestuurspos vakant. Die Voorsitter nooi dus nominasies vir ‘n Bestuurslid uit. Geen ander nominasies is dusver ontvang nie, CT nomineer Johan Coetzer (JC); daar is geen verdere nominasies nie. JC aanvaar die nominasie en dit word gesekondeer deur ZG. Johan Coetzer word onbestrede verkies. Hy was voorheen op die Raad van Trustees (RvT) van GEPF en voeg dus belangrike waarde by itv die prosesse en interaksies binne die GEPF asook mbt die OBK.		
b. Besluit. Die Bestuur vir die volgende 2 jaar is dus: (1) Voorsitter: Albert van Driel (2) Adjunk Voorsitter: At Kleynhans (3) Uitvoerende Lede: Bo Burger; Johan Coetzer; Zirk Gous; Carl Thomas.		

18. Bevestiging van Domicilium Citandi et Executandi		
a. Bespreking. AMAGP het nie ‘n kantoor wat as amptelike adres van besigheid gebruik kan word nie. Die goedgekeurde Konstitusie dui aan dat die Voorsitter se posadres as Domicilium Citandi et Executandi gebruik mag word.		
b. Besluit. A. van Driel (AvD) se posadres sal in die jaarverslag aan die GWO Direktoraat verskaf word.	**EMH**	
ALGEMEEN		
19 Informasie by FNB		
a. Bespreking. Antonie Visser versoek dat ons Bank genader word om hul informasie op te dateer. Hy kry nog steeds ons bankstate,		
b. Besluit. Stel die situasie by FNB reg	**EMH** **AS**	
20 Kworum vir die AJV		
a. Bespreking. i. Dries van Vuuren (**DvV**) noem dat die kworum van 25% van lede vir ‘n AJV heeltemaal onprakties is weens ons lede se verspreidheid oor die hele land, vervoerkoste, asook data koste wat vir baie lede onbekostigbaar is. ii. Lede stem in die algemeen saam. ZG stel voor dat die Konstitusie so kan verander word dat al vereiste wat nagekom moet word, die van ‘n kennisgewing is wat aan alle lede verskaf word Verder dat lede wat die AJV bywoon dan ‘n kworum vorm. Johan Coetzer sekondeer die voorstel .en dit word onbestrede deur die vergadering aanvaar’		
b. Besluit. Voeg die voorgestelde wysiging vir ‘n kworum tydens die AJV, by die vorige genoemde voorstelle.	**EMH**	
21. Werwing		
a. Bespreking. i. Hannes Strydom (**HS**) opper die belangrike punt dat werwing nie net deur elektroniese kontak gedoen kan word nie, want persoonlike kontak is ’n essensiële deel daarvan. Die feit dat ons so min pensioenarisse werf dui daatop dat werwing werklik ‘n prioriteit moet wees. Ons geloofwaardigheid is in sy ondervinding ook ‘n probleem. Familie en vriende glo hom bloot nie as hy probleme met die Fonds noem nie. ii. CT herhaal die probleem wat AK vroeër genoem het mbt die moeilike proses om informasie van pensioenarisse te kry. AK moedig gereeld lede wat op “Watchdog” aansluit om hul familie en vriende wat pensioenarisse is van AMAGP te vertel en om hulle aan te moedig om aan te sluit. CT is van mening dat die aanstelling van streek verteenwoordigers die werwing poging sal verbeter.		

iii. Lede deel ook hulle ondervindings van die gebruik van strukture wat aan hulle bekend is. So byv is daar SAPD en Korrektiewe dienste strukture spesiaal vir Veterane/pensioenarisse. ZG noem dat hy goeie ondersteuning kry vir voorgenome aksies. DvV se ondervinding is dat al minder lede by vergaderings opdaag. Hy skryf dit daaraan toe dat meer lede wat aftree hul pensioene by ander instansies belê, swart lede nie belangstel nie en heelwat lede Kaap toe trek. AMAGP het ook probeer om pensioenarisse dmv die VSA te nader, maar baie teenstand gekry. Ín die algemeen was pogings om lede op die manier te werf nie baie suksesvol nie. iv. EMH noem dat AMAGP ook reeds baie pogings gemaak het om pensioenarisse te kontak dmv hul organisasies en selfs by aftree-oorde voorligtings gehou het, maar nie baie sukses behaal het nie. AV beskryf hoe ander organisasies ons as ‘n bedreiging vir hulle ledetalle gesien het ipv as ‘n organisasie wat kon help. Hy noem verder dat alle pogings wat hy persoonlik onderneem het om informasie en betrokkenheid van swart pensioenarisse te kry dmv sy kontak met senior offisiere op niks uitgeloop het. v. Verdere opmerkings en insette beklemtoon dat werwing een van ons grootste probleme is. Daar is ‘n algemene onkunde by pensioenarisse oor die werklike toedrag van sake, wat lei tot ‘n gebrek aan belangstelling en ’n gebrek aan geloofwaardigheid van AMAGP. AV noem dat pensioenarisse nie genoeg ingelig word oor wat ons doen nie. Hulle moet weet wat die GEPF/OBK se misstappe is en wat ons daaromtrent doen. Mense lees die GEPF se mooi stories en as hulle nie bewus is van wat werklik aan die gang is nie, glo hulle alles is wel met die Fonds. As hulle weet wat werklik gebeur, sal hulle meer bereid wees om deel te word van AMAGP. vi. Die punt word gemaak dat mense in die algemeen maar geneig is om reaktief op te tree ipv pro-aktief. Hulle reageer eers wanneer dit duidelik is dat ‘n krisis bestaan. Dit word voorgestel dat ons raad vra van organisasies soos Afriforum en Solidariteit wat klaarblyklik baie sukses het met werwing. vii. AK stel voor dat ons dringend ‘n nuwe werwing strategie opstel wat gebaseer is op Zirk se “ My Veilige Pensioen” en Tony se “S.P.A.N. Tydens die Oorlog in Namibië het SWAPO geslaag om mense van sy saak te oortuig met die wekroep “Get rid of the Colonialists!” Ons moet ook ‘n wekroep ontwikkel om mense te oortuig om ons te ondersteun. ZG en TS se insette gaan daarmee help. viii. TS stel voor dat ons konsep van “werwing” ook die konsep van “werwing van fondse” moet insluit. Wanneer sterker optrede nodig is wat geld gaan nodig hê, is fondse eintlik ‘n beter middel “(Means”l as lede getalle. AvV stem saam, maar maak die punt dat ons nie moet aandring op ‘n sekere bedrag nie, maar selfs kleiner bydraes moet aanvaar. Oor tyd, maak selfs kleiner bedrae ‘’n groot verskil.		
b**.** <u>Besluit</u>. Ontwikkel ‘n werwing strategie as ‘n saak van dringendheid	**AK, CT**	
AFSLUITING		
22. Die Voorsitter bedank Solidariteit vir die gebruik van hul fasiliteite wat hulle kosteloos aan ons beskikbaar gestel het. Ons het net die spyseniering verskaf teen ‘n redelike koste uit eie fondse. Die reël van kos en versnaperinge deur Anette van Driel en Melanie Savides word ook hoog op prys gestel. Die vergadering sekondeer hierdie stelling. Die hulp van Solidariteit staf met die voorsit van koffie, tee en die eetgoed word ook waardeer.		

23. Die Voorsitter bedank dan elke lid wat sy/haar tyd opgeoffer het om die vergadering by te woon en vir die uitstekende bydraes wat tot die gesprekke gemaak is. Hy bedank spesiaal lede van ander departemente as die Weermag wat die vergadering bygewoon het. Hy spreek die hoop uit dat ons situasie in die jaar wat voorlê so sal verbeter dat ons werklik ons stem sal kan laat geld wanneer dít nodig is. **24**. Laastens bedank hy die dames van Solidariteit wat ons met al die reëlings vir die vergadering bygestaan het nl, Lorraine De Ronde, Rochelle van den Berg en Elanke Snyman. Hy versoek Elanke om die klein geskenkies van waardering te oorhandig aan die ander dames wat ongelukkig nie teenwoordig is nie. **25**. Die Sekretaris spreek ook sy persoonlike dank teenoor Elanke uit wat hom bygestaan het met die reël van die aanlyn komponent van die vergadering, die opstel en beheer van die skyfie vertoning asook die oudio- en video opname van die verloop van die vergadering. **26** Die Voorsitter wens almal 'n rustige lang naweek toe en sluit die vergadering om 14:15.		

Ek bevestig dat die Notule 'n ware weergawe is van besprekings en besluite by die 2023 AJV van AMAGP

AMAGP: Voorsitter



Datum: 20 – 09 - 2023

Lys van Aanhangsels: **Nie Aangeheg nie!**

Aanhangsel A**:** Aantal Lede Teenwoordig
B; Volmagte
C: Steun Pensioen Aanspreeklikheid Nou (S.P.A.N.)
D: Voorsitter se Jaarverslag
E: Sakeplan 2023/4
F: Algemene Kommunikasie
G: Menslike Hulpbronne
H: Informasie Funksie (English)
I: Kommunikasie met GEPF
J: "My Veilige Pensioen" - Projek
K: Strategie Oorsig
L: Finansiële Jaarverslag
M: Voorgestelde Wysigings aan AMAGP Konstitusie

.